*J.J. Venter*

**AKADEMIE EN POLITIEK**

*Kroniek*

### 1. Kultuur: Differensiasie en integrasie

Vroeër is die twee terreine helder onderskei, en soms deur die liberalistiese disintegrasie van kultuur en samelewing byna totaal geskei. Deesdae is die tendens om die twee ineen te laat vloei: Enersyds word van die kant van die totalitêre ideologieë (fascisme, sosialisme, kommunisme, nasionalisme) gepoog om die akademie te verpolitiseer; andersyds word deur die ewe totalitêre akademiese ekspertisme (scientisme en tegnokrasie) hard gewerk om die politiek wetenskaplik te gaan beheers.

Werksaamheid in die konteks(te) van akademie en politiek is gerig op groepskultuurvorming. 'n Belangrike Christelike norm vir kultuurvorming in intermenslike verband is die volgende: Duidelike differensiasie van terreine van kultuurvorming behoort tot stand gebring te word, maar die differensiasieresultate behoort ook weer sinvol geïntegreer te word in die volle menslike lewe. Deur gehoorsaming aan hierdie norm word beide verskeidenheid en samehang in die menslike lewe erken sonder dat (liberalisties) die lewenseenheid gedisintegreer word, of (totalitaristies) die hele lewe uit één aspek beheers word. ('n Breër argumentering van hierdie norm word gegee in *Koers* 40:403-4, 1975.)

As akademie en politiek sinvol verskillend definieerbaar is, dan is dit ons plig, op grond van die gestelde norm, om dié twee as 'n samehangende verskeidenheid te aanvaar, en sowel die (liberalistiese) poging om die twee te skei, as die (totalitaristiese) poging om die twee te verenig, af te wys.

### 2. Akademie en politiek: die verskille

Dat akademie en politiek wel sinvol verskillend gedefinieer kan word, kan ons eenvoudig aantoon deur die definisies self te gee. (In hierdie beperkte ruimte kan die korrektheid van die definisies ongelukkig nie beargumenteer word nie.):

2.1 *Politiek* is aktiwiteite deur indiwidue of groepe gerig op organisering, handhawing en bevordering van *die reg* in die samelewing. Christelike politiek is politiek wat hierdie taak aanpak in gehoorsaming aan die Christelike normsisteem.

2.2 *Akademie* is aktiwiteite deur indiwidue of groepe, gerig op verkryging, bevordering en verspreiding van *wetenskaplike kennis.* Christelike akademie kan nie anders nie as om Christelik-wetenskaplik die kwaad aan die kaak te stel en die samelewing te probeer oorreed om die goeie te volg.

2.3 Die rigpunt van die akademie is *wetenskaplike kennis;* dié van die politiek daarteenoor is *die reg.* Uit die verskillende rigpunte volg dat min of meer verskillende aktiwiteite voltrek moet word om die verskillende doeleindes te bereik. Verder geld dat vir die akademiese bedryf min of meer ander reëls geld as vir die politieke bedryf. Die waarde aan elk geheg deur die samelewing kan verskillend wees, en die organisatoriese opset van 'n akademiese instelling sien anders daar uit as dié van 'n politieke.

'n Belangrike punt is dat differensiasie van terrein ook differensiasie van gesag impliseer. Ooreenkomstig die Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring is die gesag van en binne enige organisasie beperk tot die gebied wat omspan word deur die grondslag en die taak van die betrokke organisasie, op voorwaarde dat die grondslag ook direk afgestem is op die taak van die verband. Met betrekking tot akademie en politiek beteken dit dat die gesagstrukture van organisasies op dié terreine gevolmagtigd is om, maar slegs om, op basis van die interne voorwaardes van die betrokke akademiese of politieke verband, toe te sien dat die taak van die verband uitgevoer word onder leiding van die grondslag, en om grondslag, taak, taakuitvoering en taakgekwalifiseerde groep te beskerm. Enige poging van die akademiese of politieke gesagstruktuur om buite hierdie grense of op grond van voorwaardes van buite hierdie grense gesag uit te oefen, is 'n beweging in die rigting van totalitêre gesagsuitoefening. Dit beteken nie dat akademiese gesagsdraers nooit amptelik oor politieke sake mag praat of omgekeerd politieke gesagsdraers niks ampteliks oor die akademie mag sê nie: Die uitsprake wat hulle wél maak, moet egter direk gebaseer wees op die eie gesagsterrein van elk, en die or-

ganisatoriese maatreëls wat daaruit volg, mag slegs groei uit die onderlinge gesprek en nooit die konsekwensie wees van dwang deur die een op die ander uitgeoefen nie.

**3. Samehangskomplikasies**

In die konkrete, situatiewe samehang van akademie en politiek tree nog die volgende kompliserende faktore op:
(a) 'n Bepaalde akademiese instelling werk in die omgewing van 'n gegewe politieke opset, en verdra dus die politieke opset binne sekere grense. Dieselfde geld van die politieke instelling met betrekking tot die akademiese instellings in sy gebied.
(b) Beide die akademie en die politiek stel belang in die verkryging en verspreiding van regskennis.
(c) Die akademie het belang by 'n stabiele politieke omgewing: die staat, dus ook die enger politieke organisasies, het belang by die vooruitgang van kennis.
(d) Indiwiduele mense kan lede wees van sowel 'n akademiese inrigting (byvoorbeeld 'n universiteitsdosent) en 'n politieke instelling (byvoorbeeld staatsburger en/of partylid); dit stel die gesagsuitoefening van die betrokke instansies voor die vraagstuk van die onderskeid tussen die persoon self en sy groepsbetrokkenheid.

**4. Teoreties moontlike samehange**

Op basis van beide die verskille tussen akademie en politiek en die genoemde kompliserende faktore verkry ons die volgende kombinasiemoontlikhede:

*4.1 Indiwiduele akademikus of politikus/staatsburger*

'n Akademikus/politikus (inklusief staatsburger) neem standpunt in oor/doen mee aan 'n nie-politieke/politieke aangeleentheid as akademiese deskundige/politiekbewuste in hoedanigheid van akademiese gemeenskapslid/staatsburger (inklusief partylid) op akademiese/politieke wyse.

*4.2 Akademiese instelling of politieke instelling/staat*

'n Akademiese/politieke instelling neem standpunt in oor/doen mee aan 'n nie-politieke aangeleentheid as akademiese/politieke organisasie vanuit akademiese/politieke konteks op akademiese/politieke wyse.

**5. Konkrete situasies**

Van die honderde konkrete kombinasiemoontlikhede in 4.1 en 4.2 vervat, kan ons hier slegs enkeles, die kontroversieelstes naamlik, bespreek.

*5.1 Die akademikus in die politieke arena*

5.11 Op basis van 4.1 kan ons ons die volgende konkrete situasie voorstel: *'n Akademikus neem standpunt in oor of doen mee aan 'n politieke aangeleentheid as akademiese deskundige in sy hoedanigheid van staatsburger op akademiese of op politieke wyse.*

5.12 Uit hierdie situasie spruit die volgende probleemsamehang voort:
5.121 Mag iemand wat akademikus van beroep is in die openbaar 'n politieke standpunt inneem, of erger nog, prakties-politieke aktiwiteite ontplooi? En nog ernstiger: Mag hy die mag, gesag of invloed wat sy deskundigheid aan hom gee in dié verband gebruik?
5.122 Sommige universiteite beantwoord hierdie vrae deur hulle personeel al sulke optrede reglementêr te verbied; andere weer probeer die standpuntinname aan intra-akademiese kontrole te onderwerp, terwyl die praktiese deelname onderwerp word aan goedkeuring deur die akademiese owerheid.

Teenoor hierdie soort praktiese optrede kan en moet ons direk stel dat die dra van politieke verantwoordelikhede die plig en roeping van elke staatsburger (volgens sy talente en vermoëns) is, ook van dié burgers wat by geval aan 'n akademiese inrigting werk. Enige akademiese owerheid wat enige hindernis van boge-

noemde aard op die weg van sy personeel se politieke roepingsvervulling lê, oorskry sy beperkte gesagsgebied.

Trouens, inrigtings wat hulle werknemers met soveel werk belaai dat hulle geen tyd kan vind vir hierdie soort optrede nie, is skuldig aan dieselfde soort oortreding.

5.123 Behalwe hierdie bekende maatreëls het die jongste openbare diskussies oor akademie en politiek ten opsigte van die 5.11-situasie ook die volgende standpunte opgelewer:

(a) Daar is diegene wat stel dat 'n akademikus se openbare optrede minstens altyd akademies gefundeerd en/of gekwalifiseerd moet wees.

Maar hierdie eise hou nie genoegsaam rekening met die verskil tussen akademie en politiek nie. Hoewel daar bepaalde oorvleuelinge aangedui kan word, geld daar tog ook duidelik verskillende spelreëls vir akademie en politiek. Tensy ons in scientisme of tegnokrasie glo, sal ons moet erken dat akademies *gekwalifiseerde* optrede in die politieke arena sy beperkinge het; 'n predikant preek tog ook nie in die erediens praktyk lang teoretiese uiteensettings van Griekse grammatika nie. Dit is selfs nie eers moontlik om van die akademikus te vra dat al sy politieke optrede akademies *gefundeerd* moet wees nie: Geloofsgefundeerde optrede is die eerste eis wat ons aan 'n Christen-politikus/staatsburger stel, en praktiese ervaring is in geen opsig 'n slegter basis vir politieke optrede as wetenskaplike kennis nie.

Dit alles beteken nou nie dat die akademikus van die 5.11-situasie nie op grond van sy akademiese deskundigheid in die politiek kan optree nie. Niemand kan aan die indiwiduele akademikus stel dat hy nie sy kennis mag gebruik nie. Sy akademiese deskundigheid gee duidelik 'n sekere gesag aan sy uitsprake op sy deskundigheidsgebied. Hierdie gesag word deur ons scientistiese tydsgees dikwels ernstig oorbeklemtoon. Dit gaan daarom dat die akademikus sy kennis op politieke terrein gebruik in die volle bewussyn van die beperktheid van akademiese gesag op daardie gebied. Dit hoort ook tot die akademikus se taak om sowel dié mense wat die akademiese gesag daar oorbeklemtoon as diegene wat dit wil negeer, tereg te wys.

(b) Soms word ook die akademikus (van die 5.11-situasie) se reg

tot politieke meningsvorming verdedig op basis van sy akademiese vryheid. Volgens hierdie standpunt het die akademikus die reg op 'n eie politieke standpunt omdat hy oor akademiese vryheid tot meningsvorming beskik.

As hierdie verdediging daarop gerig sou wees om die vryheid van meningsvorming binne die akademiese terrein op akademiese wyse te verdedig, dan kan die akademikus sonder moeite daarmee instem. As dit egter moet dien om die vryheid tot politieke meningsvorming binne situasie 5.11 te verdedig, behoort die akademikus vir hierdie verdediging te bedank, want saam met 'n verdediging op basis van *akademiese* vryheid kom die beperkinge van die akademiese sfeer: Die staatsburger se politieke optrede word dan gekontroleer deur die akademiese gesagsdraers volgens die spelreëls van die betrokke akademiese inrigting. Dit beteken dat die staatsburger se politieke optrede op nie-politieke vlak deur nie-politieke outoriteite aan nie-politieke kriteria getoets word. Hierdie soort toetsing is hoogstens indirek relevant. Boonop is die toetsingsproses in die huidige akademiese gesagstruktuur totaal bo kontrole verhewe, sodat die akademikus bloot staan aan politiek gemotiveerde sensuur vanuit die akademiese gesagsliggaam.

Ons moet werklik op hierdie punt grondig besef dat die akademikus in die eerste plek 'n *mens* is, wat in sy hoedanigheid van *staatsburger* aan die politiek meewerk. As staatsburger het hy binne die grense van sy burgerskapsvoorwaardes *politieke* vryheid, waarvan ons nie kan sê dat dit deur sy akademiese vryheid gedek word nie, tensy ons die akademie as 'n totalitêre terrein beskou.

Waarskynlik sal hierteen geargumenteer word dat veral aangesien die hipotetiese akademikus van 5.11 as *akademiese* deskundige in sy staatsburgerlike hoedanigheid optree, die hoedanigheidsargument nie opgaan nie. 'n Mens kan amp en persoon nie skei nie, so lui die argument gewoonlik, daarom word byvoorbeeld 'n professor afgesit as hy hom „in persoonlike hoedanigheid" wangedra. Pers en publiek verbind die persoon van die akademikus via sy amp aan die universiteit, dus moet ons die politieke optrede van die akademikus inderdaad beperk tot die ruimte van sy akademiese vryheid.

Hierdie argument lyk formidabel. Dit is inderdaad ook waar dat persoon en amp nie *geskei* kan word nie. Maar wie persoon en amp nie *onderskei* nie, land sonder meer by totalitarisme aan en kan hoegenaamd niks meer verstaan van die verantwoordelikheid by 'n persoon wat in verskillende verbande betrokke is nie.

Dat die verantwoordelikhede wat met staatsburgerskap gepaard gaan, verskil van dié wat met 'n akademiese amp gepaard gaan, impliseer egter nie dat ek my op politieke gebied mag wangedra en dan die reg het om te eis dat die akademiese owerheid dit maar só aanvaar nie. Aan die ander kant het die akademiese owerhede ook nie sonder meer die reg om maatreëls te neem teen iemand wat politiek iets onplesierigs gedoen het nie. Die oplossing van hierdie skynbaar teenstrydige situasie is geleë in die grondslae van die betrokke instellings. Hoewel die onderskeie grondslae toegespits behoort te wees elk op die taak van die betrokke verband, sal alle Christelike instellings ook in hulle grondslae duidelik gemeenskaplike sake hê: Outentiek Christelike inrigtings sal byvoorbeeld almal eerlikheid as deel van hulle grondslag aanvaar en wanneer iemand dan op politieke gebied 'n ernstige oneerlikheid begaan, sal dit ook sy terugslag in alle ander Christelike verbande hê waarvan die persoon lid is. Word iemand egter geskors uit 'n Christelike politieke vereniging omdat hy dié vereniging se grondslag ten opsigte van byvoorbeeld huweliksreg oortree het, dan behoort dit nie implikasies te hê vir die dosentskap in fisika nie.

Die maatstaf waaraan die akademiese inrigting oortredinge van akademici in ander verband moet meet, is die grondslag van die inrigting. As, en slegs ás, 'n akademikus in politieke verband so optree dat daar twyfel mag bestaan of hy die basiese elemente van die Christelike geloof nog onderskryf, of die indruk laat dat hy negatief staan teenoor die idee van 'n Christelike universiteit of die spesifieke grondslag van sy universiteit, mag die universiteitsowerheid teen hom optree. Buite hierdie grense moet die akademikus se andersoortige verantwoordelikheid in politieke verband respekteer word. 'n Konkrete voorbeeld: Prostitusie is verwerplik vanuit die Christelike etiek. Die Christen-etikus sal ook verplig wees om dit in akademiese kring en daarbuite duide-

lik te maak. Maar as Christenburger van 'n Europese land waar dié probleem onuitroeibaar geword het, kan hy nie volstaan met uitsprake daarteen en verder sy rug daarop draai nie; hy moet toesien dat regverdige wetgewing oor prostitusie, inklusief die regsituasie van die prostituut, tot stand kom. Sy akademiese inrigting mag hierdie verantwoordelikhede hom nie ontneem nie, ook al sou die kwade wil van buitestaanders soms sy inrigting daaronder laat ly.

*5.2 Die politikus binne die akademiese terrein*

5.2.1 Ons kan ons eweneens op grond van 4.1 die volgende situasie voorstel: *'n Politikus neem standpunt in oor of doen mee aan 'n akademiese aangeleentheid as polities ervarene in sy hoedanigheid van partypolitiek-betrokkene op politieke wyse.*

5.22 Hierdie voorbeeld verskil enigsins van dié in 5.11: Die hoedanigheid waarin en die wyse waarop die betrokke indiwidu, hier 'n politikus, optree, is „vreemd" aan die verband waarin hy optree. Dit slegs om ander aspekte te belig as dié in 5.1. Die volgende vrae spruit uit hierdie situasie (per hipotese dié van 'n politikus in die universiteitsraad) voort:
5.221 Mag 'n politikus in sy hoedanigheid van partypolitiekbetrokkene op politieke wyse binne die akademiese sfeer optree?

5.23 Van die politiek-betrokkene geld net soos van die akademikus dat hy in die eerste plek 'n *mens* is, en daarom behoort vanuit die politieke sfeer gesien, daar geen beswaar te wees teen sy deelname aan akademiese aangeleenthede as hy 'n eerlike belangstelling in dié aangeleenthede het nie. Ook vanuit die akademiese sfeer behoort belangstelling van mense, wat hulle eerste liefde in ander sfere het, verwelkom te word as 'n waardevolle hulpdiens.

### *5.24 Is politieke wyse van optrede egter aanvaarbaar binne die akademiese sfeer?*

Ons mag dadelik stel dat daar geen absolute eis gestel kan word dat iedereen binne die akademiese sfeer nou juis en slegs op akademiese wyse moet optree nie, want dan sou alle universiteite onmiddellik van hulle administrasies moes ontslae raak. Ook die politikus se politieke wyse van optrede kan binne die akademiese sfeer aangewend word, maar hier geld ander spelreëls as in die politiek self, sodat die politieke wyse van optrede binne die akademiese sfeer slegs op 'n beperkte toepassingsgebied kan hoop. Dit is selfs waarskynlik dat politieke wyse van optrede binne akademiese sfeer nog heelwat beperkter toepassingsveld sal hê as die akademiese wyse van optrede in die politieke arena: Wetenskaplike optrede is naamlik universeler in karakter as politieke optrede. Politieke wyse van optrede is in ieder geval slegs binne akademiese sfeer aanvaarbaar as dit die akademie dien in ooreenstemming met die akademie se grondslag.

### *5.25 Mag die politiek-betrokkene in hierdie hoedanigheid binne die akademiese sfeer optree?*

Behalwe op die oorvleuelingsgebied (byvoorbeeld die indiening van 'n universiteitswet in die parlement) moet ons sodanige optrede afwys. Want iemand wat in sy hoedanigheid van politiekbetrokkene optree, tree op in naam en ten gunste van 'n spesifieke, politiek-gerigte grondslag en 'n spesifieke, politieke taakstelling. Konkreter gestel: As hy 'n partylid is, dan tree hy op in naam en ten gunste van die besondere grondslag van sý party, asook ten voordele van die beleid van sy party. Dat die rigpunt van politieke aktiwiteit verskil van dié van die akademie, is al in 2.1 duidelik gestel. Wie dus die rigpunt van die akademie na dié van die politiek toe swaai, verander die wese (per definisie) van die akademie. En as die grondslag van 'n politieke party werklik toegespits is op die *politieke* taak van die party (soos 'n goeie grondslag behoort te wees), dan sal beslissinge vanuit so 'n politieke grondslag óók die akademiese sfeer verwring – selfs waar

ons met beide 'n Christelike party én 'n Christelike akademiese inrigting te make het.

2.26 Op die huidige stadium is die probleem nie dat politici in Suid-Afrikaanse universiteitsrade dien, soos die PFP beweer nie. Dit sou dan ewe problematies wees as predikante, sakemanne, boere, ensovoorts daar dien. En 'n politiek oorgevoelige akademikus kan in die universiteitsraad, of senaat of fakulteitsraad ewe veel politieke skade aanrig as 'n politikus. Die probleem is in die eerste plek die feit dat die hoogste akademiese gesagsdraers hoegenaamd geen verantwoordingsplig het nie. Hieraan direk verbonde is die wyse waarop altans sommige akademiese gesagsdraers benoem word.

*5.3 Die akademiese inrigting en sy politieke omgewing*

*5.31 Die voorwaardes vir deelname aan politieke sake*

5.311 Die akademiese inrigting verdra binne sekere grense die politieke opset in sy omgewing. Mag dit, as inrigting, eksplisiet „betrokke" raak in die politieke vraagstukke van sy omgewing? Anders gestel: Is (na aanleiding van 4.2) die volgende situasie aanvaarbaar?

*'n Akademiese instelling neem standpunt in oor/doen mee aan 'n politieke aangeleentheid as akademiese organisasie vanuit akademiese/politieke konteks op akademiese/politieke wyse.*

5.312 Politieke „meelewing" deur 'n akademiese inrigting is onvermydelik. 'n Politiek afsydige akademiese instelling sal hom slegs die beskuldiging op die hals haal dat hy onregsituasies in sy omgewing nie krities wil ondersoek nie omdat hy dit goedkeur. 'n Christelike akademiese inrigting is per definisie gebonde om die goeie te bevorder en die kwade te bestry (vergelyk 2.2). Hiervoor geld egter sekere voorwaardes:

(a) Die akademiese gemeenskap het 'n spesifieke akademiese taak. Dit funksioneer slegs as akademiese gemeenskap binne die uitvoering van daardie taak, en sy uitvoerende bevoegdheid is beperk tot die besondere taak, naamlik die verkryging, bevorde-

ring en verspreiding van wetenskaplike kennis. Dus die Christelike akademiese inrigting se politieke meelewing moet geskied as 'n bestryding van kwade – en bevordering van goeie politiek deur middel van die verkryging, bevordering en verspreiding van wetenskaplike kennis aangaande die politiek.

(b) 'n Akademiese inrigting moet sy taak uitvoer in gehoorsaming aan die reëls wat vir die uitvoering van daardie taak geld, anders kan die akademiese gemeenskap geensins hoop om sy resultate aanvaarbaar te maak nie. Ook die politieke meelewing van die akademiese inrigting as inrigting is gebonde aan die gehoorsaming van akademiese spelreëls. Dit beteken onder andere dat die grondslag van die betrokke inrigting, en nie lojaliteit teenoor 'n bepaalde politieke groepering nie, die uitgangspunt vir die meelewing moet vorm; dat standpuntinname gebaseer moet wees op behoorlike wetenskaplike navorsing en getoets moet wees binne die akademiese gesprek van die akademiese gemeenskap. Want enige sodanige meelewing word gedoen namens die akademie as saak en namens die betrokke akademiese gemeenskap.

Hierdie voorwaardes moet egter in konkrete strukture uitgeleef word, vandaar die onderstaande konkrete voorbeelde uit Nederland en Suid-Afrika.

### *5.32 Die akademiese inrigting as vrye vereniging*

In die Calvinistiese tradisie, soos veral deur Abraham Kuyper uitgewerk, is 'n akademiese inrigting 'n samelewingsverband met lede wat, geleerd of nie, uit liefde vir die saak van hoër onderwys daaraan meewerk. Die lede bepaal die grondslag en kies die ampsdraers van die inrigting uit die geledere van diegene wat die grondslag onderskryf en bevoeg geag word om die betrokke take uit te voer.

In die konteks van hierdie tradisie is politieke standpuntinname van die akademiese instelling gemaklik te verduidelik: Waar deur wetenskaplike bestudering van 'n terrein in gehoorsaming aan die grondslag tot 'n bepaalde konklusie gekom word, kan die lede van die akademiese inrigting hierdie studieresultaat

reglementêr tot hulle eie maak en dit as amptelike standpunt aan die politieke owerheid deurgee. Sodanige standpunt is dan Christelik-akademies en nie party-polities gebaseer nie, en gekontroleer deur die akademiese gemeenskap en die „eenvoudige volk van God" wat as lede van die akademiese inrigting meewerk en waarskynlik aan verskillende politieke partye behoort.

Indien die betrokke akademiese inrigting 'n universiteit is, dan sal sy amptelike openbare politieke stellingnames waarskynlik beperk bly tot die krisisure van sy sosiale omgewing, omdat sy eerste taak in die opleiding van sy studente geleë is. Heeltemal uitbly kan dit egter nie, omdat die Christelike universitêre akademie per definisie gebonde is om die kwade te bestry en die goeie te bevorder. In die studente-opleiding sal onder andere „politieke" konklusies noodwendig deurentyd voorkom.

*5.33 Die akademiese inrigting as belangekonsortium*

Die Suid-Afrikaanse situasie, selfs van die Christelike universiteit, sien daar egter anders uit as dié in die Kuypertradisie. Suid-Afrikaanse universiteite is stigtings van belangegroepe, het geen eie lede nie, en is dus nie egte samelewingsverbande nie.

Die verskillende belanghebbers benoem lede in die universiteitsraad. Hulle bevind hulle dan in die teenstrydige posisie dat hulle die belange van hulle benoemers daar moet dien, maar ook die universiteit se belange, terwyl hulle nòg hulle benoemers nòg die akademici verteenwoordig. Die praktiese konsekwensie is dat die oorgrote meerderheid universiteitsraadslede elk vir minstens twee partye optree, maar namens geeneen, en aan niemand verantwoordingspligtig is nie.

Die dialektiese spanning waarin die universiteitsraadslede verkeer ten opsigte van die belange wat hulle moet dien, kan tot gevolg hê dat onder akademici die vermoede ontstaan dat nie-akademiese belange hulle optrede motiveer, terwyl by hulle benoemers die suspisie ontstaan dat hulle belange nie genoegsaam in rekening gebring word nie.

'n Universiteitsraad binne hierdie anomaliese tradisie behoort nie namens die universiteit politieke standpunte in te neem nie.

So 'n raad kan hoogstens hoop op enige vertroue van die kant van die akademiese korps solank dit hom streng hou by die bestuursaspekte wat betrekking het op die direkte taak van die universiteit. Want daar bestaan in hierdie konteks geen verbandsledekorps met wie hierdie standpunt deurgemaal en namens wie dit gestel kan word nie — die akademiese korps is slegs één van die belangegroepe. Politieke standpuntinname namens die universiteit deur 'n universiteitsraad binne die huidige Suid-Afrikaanse opset beteken in praktyk dat 'n politieke standpunt gesagvol vanuit die universiteit geproklameer word namens persone wat hoegenaamd geen of slegs uiters beperkte geleentheid kry om toe te sien dat die spelreëls van hulle korps daarop toegepas word of om vóór die gesagsvolle inname van so 'n standpunt, hulle distansiëring daarvan te laat blyk.

### *5.34 Belangekonsortium en vrye vereniging*

As die situasies aan die vryevereniging-tipe universiteit vergelyk word met dié van die belangekonsortium, dan blyk dat die probleem nie in die eerste plek lê by die idee van politieke deelname deur die universiteit nie, maar by die struktuur waarbinne die deelneming gevorm word. Die kernfout is die idee dat die universiteit 'n konsortium van 'n serie belangegroepe is. Die VOIC het in sy glorietyd verteenwoordigers in die kerkrade van al sy handelstasies benoem: die rede? Belangebehartiging! En dominees wat die belange van die Evangelie te ver bo dié van die Compagnie gestel het, is al gou weer weggewerk terug Nederland toe!

## 6. Ten slotte

Hierdie stukkie is 'n verdere uitwerking van die probleemstellinge gegee deur prof. M.E. Botha in *Koers* 42(6). Ek het meer direk stelling geneem ten opsigte van die probleme wat sy geanaliseer het, mede met die oog op diskussie.

**